# Lesing 107 – 7 Julie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 129 ontvang deur Daniel Grobbelaar op 05/12/2019

“Liefdeloosheid is die ewige dood wat die harte van MY volk omsingel. Dit is die Zoeloes met hulle dreigende moord en oorlog wat woed om en buite die Laer! Maar vir hulle wat hulself binne die LAER VAN **LIEFDE BO ALLE LIEFDE** bevind met harte van opregte, suiwere Liefde, **hulle sal Vrede en Vreugde hê in die Dag van JaHWeH!**

Kyk, die Gelofte wat aan kom is op die Dag van Bloedrivier, sal geensins ligtelik opgeneem word deur MY, julle EWIGE LIEFDE nie. Wanneer julle beloof om vir MY **‘n Liefdeshuis op te rig**, dan moet die DAAD daarby gevoeg word vanuit julle harte van Liefde en Erns!

Maar, MY Boerevolk! MY Huis van Judah! O hoe lyk die Huis MY Volk? Gaan en ignoreer julle verhewe gevoel van hoogmoed en trots, en gaan inspekteer hierdie Huis! Gaan kyk na die krake in die Mure en die ongelykheid van die Fondasie. Gaan en kyk na die daklekke en die **stene wat nie van Goud gemaak is nie**. Gaan na die balke van die dak en inspekteer die houtbalke se verbindings. Gaan kyk na die nok van die dak. Is daar ‘n nok? Hoe lyk die vensters en **hoeveel Lig dra en neem elke vertrek op**? Waar is die kombuis geleë en watter voedsel word in hierdie kombuis aan die gaste en inwoners gegee? Van wat is die Voordeur van hierdie Huis gemaak? Gaan en doen introspeksie MY Volk, en gaan doen dit VOOR julle tot MY nader op die Dag van Bloedrivier! EK **sal nie ‘n offer van Kain aanvaar nie!** Is hierdie Huis gebou vanaf die Grondlegging van die **Hoeksteen van Apartheid en Waarheid?**

Kan julle nie sien en kan julle nie verstaan waarom daar spesifieke Dae van Geloftes is nie? En dink julle dat julle net op een Dag ‘n Gelofte aan MY te kom doen en dan van MY af weg te gaan op julle lewens van besoedeling en dan jou broer te vloek? Gewis nie! Want dan het jy ‘**n offer van Kain** aan MY voorgedra! Voorwaar EK sê vir julle MY Boerevolk: Wie nie MY LIEFHET bo alles nie en wie nie hulle naaste volksgenote LIEFHET soos EK julle LIEFHET nie en soos jy self GELIEFDE wil wees nie, **dit is hulle wat ‘n offer van Kain aan MY gaan bring!**

‘n Gelofte is een en dieselfde as OFFER! Julle offer julle lewens vir ‘n broer en julle offer om vir MY ‘n Huis te bou? Julle offer dat julle ‘n fees sal hou op die Dag van Oorwinning om MY te eer in HART, GEES EN SIEL! Is dit dan enigiets anders as ‘n **offer van julle HARTE** aan MY en julle naaste?

Dit sê EK, JaHWeH, JaHLiefde van die Leërskare! Vanaf ‘n Dag van Gelofte waarop julle aan MY Beloftes gemaak het en julle ‘**n Verbond met MY gesluit het**... ELKE DAG DAARNA sal julle getrou wees aan die **Voorskrifte van die Verbond**, anders sal daar ‘n Skeibrief toegeken word aan hulle wat die wêreld bo MY gekies het. Dit sal geskied deur die Vervloekinge van **Deuteronomium 28** en hulle sal in MY HUIS nie ingaan nie en sal in die Bruilofsaal uitgeken word as een wat in die VERGADERING VAN LIEFDE **ingesluip** het! Dit terwyl ‘n **masker van Liefde** aangetrek word voor die menigtes, maar die harte en innerlike is vêr van die LIEFDE, EK, DIE OORSPRONKLIKE LIEFDE-LIG-LEWE!

MY Boerevolk! Daar is ‘n Weg en Verborgenheid wat EK aan hierdie kneg aanwys in hierdie dae van benoudheid. Julle besef nie die Erns van MY LIEFDE en julle begryp nie die Erns van hierdie tye en die komende tye nie. **Net soos in die Dag van Noag**, sal die meerderheid van MY volk ondergaan in hulle eie ongehoorsaamheid en hulle hard-hartigheid om gehoor te gee aan die **Instruksies van MY LIEFDE**!

Daar is hulle wat voorgee om MY LIEFDES-INSTRUKSIES na te volg en MY LIEFDE te preek, maar hulle hartsdade is boos en teen MY LIEFDE gerig. Daar is hulle wat sê: “Ek is lief vir jou.”, maar hulle harte word oorheers deur **louwarmheid met die koue** wat aankom vanuit **benede**.

Daar is hulle wat van MY LIEFDE getuig en die mensdom toespreek, maar hulle verskuilde najaag vir dertig sikkels silver sal lei na brandarm armoede van gees en siel. Hulle sal op die droë woestyn van Esegiël gaan lê in die gewaad van doodsbeendere. Hulle sal die Verterende LIEFDES-SON se Hitte van Liefde moet verdra en koester, terwyl hulle smag na Waters en Reëns.

Maar in die **Dae van Waters en Reëns** het hulle MY vergeet en wou nie die Reëns wat Lewe gee, gehad het nie. Na die Reëns breek die LIEFDES-SON se **Strale van Sewe** deur en verkwik en versterk die Aarde en straal alle lewe met MY LIEFDE. Dit dien tot groei en opwaartse neiging van MY Verlossingsplan.

Maar vir hulle wat nie die LIEFDES-SON se bestralende LIEFDE wou opneem en vêrder uitstraal deur die prisma van hulle harte nie, **sal in die woestyn as gevangenis opeindig** met ‘n Verterende Liefdesvuur!

Eers wanneer julle die LIEFDES-SON se **Strale van Sewe** aangeneem het, wat EK, DIE LIEFDE BO ALLE LIEFDE, IS, dan sal EK MY Waters en Reëns stuur om die LEWE by die LIEFDE te voeg sodat die senings en vlees oor julle doodsbeendere kan groei. Maar met LIEFDE en LEWE sal julle steeds in die woestyn naderhand vergaan **omdat julle nie soek na MEER nie**.

“Waarna moet ons soek, JAHSHUA?”, vra julle nou. Dit is die laaste een wat julle moet soek: en dit is die Poort van Wind, **wat MY LIG-GEES is**, wat julle sal Bekragtig en die gehoorsaamheid aan LIEFDE in julle sal aanwakker in Waarheid. Dit is die Band wat die LIEFDE en die WAARHEID sal verenig in die BEKRAGTIGING. **Dit is die Derde Poort: PAARDEKRAAL**! Alle Ruiters

van MY op Perde sal versamel word en moet verenig in MY Kraal! Kom na MY Kraal en julle sal MY dan daar ontmoet en **EK sal op 'n esel sit** en nie op perd. **Paardekraal is die Poort van Nederige Vereniging van MY kinders, MY Volk!** Dit is die Vereniging in MY, DIE LIEFDE! **Dit is die Herbevestiging van Filadelfia van Broederlike en Susterlike LIEFDE: NAASTELIEFDE!**

Dit is die weggooi van haat, twis, onvergewensgesindheid en leuens. Dit is die afsterwe van die gees van skinder en afguns! Dit is die haat om verkeerdelik teenoor jou broer te handel met leuens en eie-liefde! Dit is die VERENIGING VAN GEDAGTE, WOORD EN DAAD – IN GELOOF, HOOP EN LIEFDE, en BO ALLES, DIE LIEFDE: **LIEFDE BO ALLE LIEFDE**.

Daarom het EK gesê, soek die Geestelike en bedink wat die Gees vir julle wil sê of wys. Bedink nie materiële en wêreldse dinge nie, bedink die Geestelike en die Lewegewende. Kyk dieper, MY volk en loop nie agter die vleeslike aan nie.